21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Job se gebed

## Job 42

*Job se gebed hier is 'n geestelike hoogtepunt. Dit bring 'n einde aan al die frustrasie, pyn en klaagliedere van die vorige 41 hoofstukke.*

*Hierdie gebed van Job vestig die aandag op die balans tussen gebede en denke.Lyding kan 'n* geleentheid wees tot nuwe denke oor God se ware liefde.

God het Job nie alles laat verstaan nie. Sekere dinge in die lewe sal altyd, tot die einde toe, 'n misterie bly.

Job het egter in God lig en werklikheid gevind waardeur hy sy leiding kon hanteer.

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Eenvoudig gestel:*
Om te weet God is daar, is voldoende versekering en rede om te vertrou dat alles reg is, al is alles verkeerd.

*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Job se gebed

**Waarom ly mense? Dink aan soveel redes as moontlik.**

**Vergelyk Job 42:12 met 1: 3. Wat let jy op? (sien ook Job 42:10)**

**Watter oordeel gee God oor Job se vriende? (v7-8)**

**Wat is verbasend aan God se opdrag in v8?**

**Lees Filippense 2: 5-11 en Hebreërs 2: 9-10 en 2: 17-18.**
**Hoe gee Job ons 'n voorskou van Jesus?**

**Wat was die punt van Job se lyding?**